PERSVERKLARING

Senwes bekroon vanjaar se top hoërskool-entrepreneurs

Die wenners van die vierde Senwes Entrepreneurskompetisie se hoërskole-afdeling is tydens ‘n spog-ontbytfunksie op, Vrydag, 17 April, te Bloemfontein, bekroon. Peet Pretorius (Eendrag CVO, Heilbron), met sy onderneming “Bewer Houtwerk”, het vanjaar die louere met Lian Fourie, Neil Kotzé en Marlo Peens (Hoërskool Sand du Plessis), met hul onderneming “Veerfaktor”, gedeel.

Elke finalisonderneming het R1 500 ontvang om mee te woeker – met die doel om hul ondernemings so winsgewend moontlik te bedryf. Daar was twee uitstaande inisiatiewe: Peet se onderneming, “Bewer Houtwerk”, spesialiseer daarin om unieke items uit hout te maak en dan teen ‘n wins te verkoop. Verlede jaar se wenners – Lian, Neil en Marlo – het hul onderneming “Veerfaktor” genoem en dit is dus gepas dat hulle op die kleinhandel van vere en veerprodukte gefokus is.

Senwes het die wen-entrepreneurs met groot pryse beloon. Beide die wen-ondernemings het ‘n kontantprys van R2 500 ontvang, sowel as ‘n R50 000 studiebeurs per onderneming. Die studiebeurs kan gebruik word om by die instansie van die wenners se keuse te studeer.

Volgens dr Johan van Zyl (Hoof: Eenheid vir Entrepreneurskap, Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe) het die hoë gehalte van vanjaar se inskrywings dit uiters moeilik gemaak om ‘n finale beslissing te vel. Die evalueringskriteria wat gebruik is, heg ‘n toepaslike gewigswaarde aan verskeie aspekte; nl.: opbrengs op belegging (30), winsmarge (20), lys van transaksies (20), afsetgebied (10) en strategiese bestuur (20). Die evaluering is gevolglik regverdig en deursigtig.

Alf White (Groep Interne Oudit- en Groep Risikobestuurder: Senwes) het as gasspreker opgetree. Onder andere het hy klem gelê op drie eienskappe, wat nodig is om suksesvol te wees: selfvertroue sonder arrogansie, om te groei na aanleiding van ervaringe en om te leer uit hierdie ervaringe. Hy het ook genoem dat die omstandighede, waarin Suid-Afrika homself bevind, geleenthede bied vir entrepreneurs om hul vaardighede te benut om steeds sukses te behaal.

Senwes se entrepreneurskompetisie bestaan uit twee afdelings, ‘n laerskole-afdeling en hoërskole-afdeling, en dit word in twee fases aangebied. Die eerste fase sluit die voorlê van ‘n besigheidsplan en ‘n onderhoud waar vrae oor entrepreneurskap gevra word, in. Die besigheidsplanne word deur die Universiteit van die Vrystaat se Eenheid vir Entrepreneurskap geëvalueer. Aan die einde van die eerste fase word die wenner van die laerskole-afdeling aangewys en die finaliste van die hoërskole-afdeling aangekondig. Die hoërskole-finaliste dring dan deur tot die tweede fase van die kompetisie, waar hul elkeen R1 500 ontvang om hul besigheidsplan te implementeer.

Die ander finaliste in die hoërskole-afdeling van die kompetisie was: Elizna en Anina Keeve (Kroonstad Akademie), Zanelle Pretorius (Hoërskool Fichardtpark) en Johlitha Esterhuizen (Hoërskool Fichardtpark).

Van links: Neil Kotzé, Lian Fourie en Marlo Peens (Hoërskool Sand du Plessis) deel vanjaar se louere met Peet Pretorius (Eendrag CVO, Heilbron).

- EINDE -